# Madiba en meer is nodig sodat SA kan floreer

**Nico Koopman***

Ons vier vandeesmaand die verjaardag (18 Julie) en wonderlike nalatenskap van Rolihlahla Nelson Mandela, die eerste president van ’n demokratiese Suid-Afrika. Wanneer ons Madiba vier, moet ons onthou dat ons hom nog steeds – en ook meer as hy – nodig het.

Wyle prof Jakes Gerwel, voormalige direkteur-generaal in Madiba se kantoor, was altyd bekommerd oor die risiko dat Madiba en dít waarvoor hy gestaan het, verkeerd verstaan sou word. Gerwel het ons daaraan herinner dat Madiba se waardes nie op ’n elitistiese manier gesien moet word nie. Ons moenie dink daardie waardes is net vir die morele elite, net vir ’n paar buitengewone mense wat tot gesonde waardes verbind is, bedoel nie.

Die etiese burgerskap en leierskap wat Madiba voorgestaan het, was vir ons almal bedoel. Ten einde ’n samelewing te skep wat deur gesonde waardes ondersteun word, het ons die etiese lewe van rolmodelle soos hy én die etiese lewe van alle burgers en leiers nodig. Omdat ons die voorbeeld nodig het wat mense soos Madiba stel, moet ons dit vier. Maar wanneer ons hom onthou en sy lewe vier, moet ons ook die uitdaging aanvaar om hierdie voorbeeld te volg.

Etiese burgerskap en leierskap moet deur almal op alle gebiede van lewe gekoester word. Om eties te lewe, het ten minste drie vlakke. Etiek is van die Griekse woord *ethos* afkomstig, wat na ’n habitat of ruimte verwys waar lewe floreer en gedy. Om eties te lewe, is om ’n Suid-Afrika te bou wat ’n habitat vir almal is wat daar woon, ’n veilige ruimte waar mense floreer. ’n Etiese lewe impliseer dat ons met ’n visie lewe van ’n samelewing waar lewe gekoester word en waar almal die noodsaaklikhede en middele van die lewe geniet.

’n Tweede dimensie van ’n etiese lewe is van die Latynse woord *habitus* afkomstig. Habitus verwys na die gewoontes, deugde, ontvanklikhede, geneigdhede, geneenthede en intuïsies wat ons vergestalt. Deugde verwys na die goeie wat ons vergestalt en beoefen, amper sonder om daaroor na te dink. Hierdie goedheid kom feitlik natuurlik. Ons is eenvoudig geneig om goed te doen. Ons is intuïtief goed.

Deugde vorm ons karakter. Karakter beteken letterlik dat goeie waardes in ons ingegraveer is. Dit beteken ons het integriteit. Die goeie goed wat ons begeer en waaroor ons dink en die goeie goed wat ons kies en doen, is alles geïntegreerd en in harmonie. Om ’n nuwe samelewing te bou, het ons mense met deugde en karakter nodig.

Die derde dimensie van ’n etiese lewe verwys na ons keuses, besluite en dade. Ons besluite en beleide, dade en praktyke moet ons gewoontes weerspieël en help om die habitat te bou wat ons in die vooruitsig gestel het. Daar waar ons almal verbind is tot ’n nuwe habitat, nuwe gewoontes en nuwe dade, oorkom ons die korrupsie en onderprestasie wat ons visie vir ’n nuwe samelewing bedreig.

Madiba het met etiese integriteit gelewe. Vir hom was habitat, gewoontes en dade geïntegreerd. Dit is dus geen verrassing dat hierdie perspektief sy keuses, praktyke, besluite,

beleide en dade bepaal het nie. Ja, Madiba was ’n lojale leier van ’n vryheidsbeweging en later ’n politieke party. Maar hy het die land as ’n habitat geprioritiseer waar almal kon floreer. Sy visie was ’n Suid-Afrika as ’n habitat waar ’n waardige lewe vir almal, genesing van alle wonde vir almal, geregtigheid vir almal, vryheid vir almal en gelykheid vir almal moes blom. Die politieke party was nie ’n einddoel opsigself nie, maar ’n instrument om hierdie habitat te bou.

Madiba was ’n vergestalting van so baie van die gewoontes en deugde waarna samelewings wêreldwyd smag: wysheid en die onderskeidingsvermoë om pluraliteit, dubbelsinnigheid, teenstrydigheid, skynbare teenstelling, tragedie en doodloopstrate te hanteer; onderskeidingsvermoë om goed en sleg raak te sien, om probleme en moontlikhede te identifiseer, krisisse en geleenthede; matigheid en onthouding om uiterstes te vermy, maar om in alles ’n gesonde balans, besadigdheid, ewewig en billikheid te handhaaf; standvastigheid en burgerlike moed om nee te sê wanneer dit nodig is, selfs wanneer almal ja sê en andersom; geesteskrag om deur te druk met ’n goeie saak; en geregtigheid as regverdigheid in alles.

Dít is die gewoontes en deugde wat ons in samelewings nodig het waar beginsels vergete gebly en verlore gegaan het en waar bybedoelings ons dryfkrag geword het. Waar die vermoë om met innoverende alternatiewe vorendag te kom en om daardie opwindende alternatiewe habitatte te verwesenlik, verdwyn het. Waar daar ’n gebrek aan liefde, simpatie, empatie en interpatie (om ons te kan indink in die posisie van mense met ander agtergronde, wêreldsienings, kulture, gebruike, oortuigings, kleur, klasse, lande, vastelande, genders, oriëntasies, vermoëns, ouderdomsgroepe) is.

Wanneer ons hulde bring aan die lewe en nalatenskap van Madiba, moet ons altyd onthou dat hy ook net ’n mens soos ons was – in staat tot soveel goed, maar ook feilbaar. Dit sal ons help in ons pogings om die visie, deugde en dade van ’n samelewing van waardigheid vir almal waarna hy gestrewe het, gestand te doen.

Wanneer ons nog ’n Mandeladag vier, moet ons mekaar herinner aan die behoefte om saam te werk om te verseker dat Suid-Afrika oorleef en floreer. Die habitat, gewoontes en dade wat mense soos Madiba na gestrewe het om te vergestalt, behoort vir ons in hierdie verband die rigting aan te dui en ons te beskerm.

***Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel by die Universiteit Stellenbosch.**